**29 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 4; Jeremia 1**
**Fokusgedeelte: Eksodus 4:1, 10; Jeremia 1:6**

## Hier is ek – stuur my!

Verskonings om nie die roepstem van die Here te hoor nie, is so oud soos die mens self. Wat is jou antwoord op die roepstem van die Here? Miskien voel jy soos Moses en Jeremia. Hulle het, so het hulle gedink, geldige verskonings gehad. Luister maar daarna! Moses is aan die woord (Eks 4:1, 10): “Sê nou die Israeliete glo my nie en hulle luister nie na my nie en hulle sê die Here het nie aan my verskyn nie?” Verder: “Ag, Here, ek kan nie goed praat nie; ek kon nie vroeër nie en ek kan ook nie nou, hier waar U met my praat nie. Ek praat swaar, en my tong sukkel.” Jeremia protesteer (Jer 1:6): “Ag, Here my God ... ek is nog te jonk.”

God gee egter nooit moed op nie, Hy bevestig sy roeping. Vir Moses antwoord Hy (Eks 4:11): “Wie het aan die mens ’n mond gegee? Wie maak stom of doof of siende of blind? Is dit nie Ek, die Here, nie? Gaan nou, Ek sal jou help met die praat en jou leer wat jy moet sê.” Vir Jeremia was God se antwoord: “Toe sê die Here vir my: Jy moenie sê: ‘Ek is te jonk’ nie. Jy moet gaan na wie toe Ek jou ook al stuur, en alles wat Ek jou beveel om te sê, moet jy sê.”

God het ons so lief dat Hy in Christus aanhou om ons te roep, want Hy gebruik ook die eenvoudigste instrument om die mooiste musiek te maak. Wat is jou antwoord op God se roepstem? Is dit verskonings of: “Ja Here, hier is ek, stuur my!”

*Sing: Psalm 146:2 Dr D Lartz (Edenvale)*